



GEHEKELDE SNEEVLOKKIES

BENODIGDHEDE: Ongeveer 100 g
Coats Chain-Mercer Crochet Cotton Nr.
30; hekelpen van 1,00 mm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; hlb - halflangbeen; dsl - dubbelslagsteek; vlg - volgende; driesl - drieslagsteek; vyfsl - vyfslagsteek (= dit word soos 'n dubbelslagsteek gehel, met die verskil dat die garing vyf keer om pen gedraai en die lusse dan twee-twee deurgetrek word); dsl-tr - dubbelslagtrossie (= hekel die aantal dubbelslagsteke soos gestel en hou laaste lus van elkeen op hekelpen, garing om hekelpen en trek deur al die lusse); grh - garing rondom hekelpen; p(s) - picot (picots); herh - herhaal; onafgewerkte dsl is dsl waarvan laaste lus op hekelpen gehou word.

L.W.: 3 ks vervang 1 lb en 4 ks 1 dsl aan begin van rondte.

AANWYSINGS: Die lappie bestaan uit 16 motiewe wat in vier rye van vier elk gerangskik word, met 9 stervormige invulmotiewe.

MOTIEF: 8 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e rondte: 6 ks vir 1e lb plus 3 ks, (1 lb, 3 ks) 7 keer, gs in 3e van 3 begin-ks — 8 sps.

2e rondte: gs tot in 1e sp; (3-dsl-tr, 5 ks) in elke sp rondom — 8 blomblare.

3e rondte: gs oor eerste 2 ks van 1e sp, hekel in 3e ks: *3-dsl-tr, 4 ks, 1 vyfsl, hou laaste ls op pen, 2 onafgewerkte dsl — vir dié 2 dsl moet hekelpen halfpad in die steeltjie van die vyfsl ingestek word om die effek van 'n knop aan 'n steeltjie te verkry — grh en trek deur al die lse; 13 ks, 3-dsl-tr in dieselfde steek van vyfsl as eerste 3-dsl-tr; 4 ks, 3-dsl-tr; 3 ks; herh van * nog 7 keer en eindig met gs in bopunt van eerste 3-dsl-tr.

4e rondte: *(1 lb, 1 p, 1 lb) 2 keer in vlg 4-ks-sp; (1 lb, 1 p, 1 lb) 6 keer in vlg 13-ks-sp; (1 tr, 1 p, 1 tr) 2 keer in vlg 4-ks-sp; 3 lb in vlg 3-ks-sp; herh nog 7 keer.

Hekel elke vlg vierkant op dieselfde wyse en hekel dit vas met 2 ps aan 2 opeenvlg punte soos op foto gesien kan word.

INVULMOTIEF: Hekel 8 ks, sluit met gs om ring te vorm.

1e en 2e rondte: Soos groot motief.

3e rondte: *2 kb in sp, 4 ks en 1 dsl saam deurgetrek met ks, 2 ks, 1 gs in verbindingspunt van 2 opeenvlg motiewe, 1 ks, 1 gs in bopunt van vorige dsl, 4 ks, 2 kb in dieselfde sp, herh in vlg sp maar heg ster aan motief vas tussen 2 punte. Herh vanaf * rondom.